



MEER KANOLA

Aanplantings
vir vanjaar
verstom kenners
BL. 5



VELDBRANDE

Ruimte-tegnologie
ingespan teen
wegholbrande
BL. 12

Landbou

Vrydag 12 Julie 2013 | Redakteur: Leon Louw | E-pos: dlred@dieburger.com | ☎ 021 406 2671



Ruimte-tegnologie teen brande

Jo-Anne Smetherham

Slim maniere om te voorkom dat wegholbrande wydverspreide vernietiging veroorsaak, sal nodig word indien klimaatverandering temperature verhoog en groot gebiede met hoë ringdroë veld laat.

Dié slim metodes bestaan reeds, en baie daarvan word gebruik deur van die land se beste brandbestrydingsverenigings (BBV's).

Dit sluit in ruimte-tegnologie om veldbrande en die risiko van brande op te spoor, beheerde brande wat buffersones skep wat eiendom en kwesbare jong veld beskerm, en 'n beweging in die versekeringsbedryf om grondeienaars op te voed en aan te moedig om beste praktieke in brandbestuur te volg.

"Daar is drie dinge wat onvermydelik is: die dood, belasting en veldbrande," het Tony Marshall van CapeNature gesê. Altesaam

780 ha van CapeNature-natuurservate grens aan eiendom van honderde grondeienaars en munisipaliteite in die Wes-Kaap. "Veldbrande kan ten minste deur voorkomende optrede bestuur word," het hy gesê.

Die waarnemings van satelliete sluit data oor veldbrande in.

In 2004 het die afstandwaarnemingspesialis Philip Frost by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) 'n inligtingstelsel begin ontwikkel wat data kan ontvang, verwerk en versprei.

Sy "eureka"-oomblik was 'n reuse-hupstoot vir brandopsporing en -voorkoming wêreldwyd.

Destyds het Frost en sy WNNR-span met Eskom saamgewerk wat weens brande baie kragonderbrekings ondervind het omdat hul transmissielynne oor 28 000 km strek deur terreine wat erg aan brande blootgestel is.

In baanbrekersnavorsing het



die wetenskaplikes 'n metode ontwikkel om die opsporing van brande te omskep in intydse SMS-alarmseine en e-posboodskappe.

Diegene wat die boodskappe ontvang, kan kies om die GPS-lig-

ging van die brande te ontvang, of hul afstand en rigting rakende 'n vooraf bepaalde verwysingspunt.

Sowat 30 000 SMS-alarmseine word gemiddeld per seisoen uitgestuur na BBV's en Eskom.

"Die tegnologie wat ons ontwikkel het, laat BBV's toe om brande op te spoor en feitlik onmiddellik te reageer, eerder as om te wag tot iemand die brand sien of die rook rulk, wanneer dit dikwels te laat is," het Frost gesê.

Die data is op die webwerf van Advanced Fire Information System (www.afis.co.za), wat kykers in staat stel om intydse kaarte van brande in enige deel van die wêreld waar te neem, vir enige bepaalde tydperk, met Google Maps as agtergrond.

Maandelikse ramings van die gebied wat gebrand het, en weeklikse brandgevaarkaarte, wat brandbestuurders toelaat om hulle voor te berei op gevalle van groot gevaar, word ook aan die honderde brandbestuurders in Suid-Afrika versprei. Die data word deur die AFlS-veldterminale gestuur wat oral in die Wes- en Oos-Kaap geïnstalleer is. Internetsverbinding is dus onnodig.